

Afrikaans Huistaal

Graad 10

Werkkaart - Taalstrukture en –konvensies: Woordsoorte

6 – 10 Julie 2020

OPDRAG: Lees die kort berig hieronder en voer dan die opdragte uit:

Bring die gesin Slanghoek toe vir 'n naweek

Deur Liana Mocke

Die pragtige slanghoekvallei lê (1.1) die Slanghoekberge en die kleiner Badsberg net buite Rawsonville in die Wes-Kaap. Kom span vir 'n naweek (1.2) tussen wingerde, plase en fynbos.

Die oord het hope aktiwiteite om jou en jou gesin die hele naweek besig te hou:

1. Hier is twee groot swembaddens naby ontvangs, met welige grasperke en sonlê-stoele in die skadu van groot akkerbome.
2. Hier is 'n speelparkie vir die kleinspan 'n ent weg van die swembad af.
3. Kinders kan Saterdagoggende perdry saam met 'n gids - dit kos R10 (1.3) kind. (Volwassenes kan nie ry nie.)
4. Maak tyd om minigholf te speel. Die 18 putjie-baan is (1.4) 'n koppie uitgelê en jy stap op-en-af om die gaatjies te speel. Neem ietsie saam vir 'n skemerkelkie en vat 'n blaaskans op die houtdek by die boonste putjies. Neem 'n selfie met die hele vallei as agtergrond.
5. Pak jou verkyker in vir die sirkel-staproete. Die roete gaan jou omtrent 'n uur neem. Hier is ook 'n langer wandelroete (3½ uur) wat na 'n waterval lei. Vind voor jy begin stap by ontvangs (1.5) of die waterval vloei.
6. Visvang word toegelaat by die dam langs die kampeerterrein en perdekampie.
7. Die bergfietsroete van 4 km is onlangs bekendgestel en begin by die mini golfbaan en eindig by kothuis 6. Die roete klim 130 meter met 'n moeilikheidsgraad van 3,5. Gaste van die oord ry gratis.



Bron: Weg, 23 Februarie 2017

1. In die teks is voorsetsels uitgelaa. Skryf die nommers neer en verskaf die voorsetsel wat by elke nommer ontbreek. (5)
2. Skryf 'n versamelnaam uit die opskrif neer. (1)

3. Vervang **jou en jou gesin** met 'n enkele gepaste persoonlike voornaamwoord. (1)
4. Woorde kan verskillende woordsoortelike funksies vervul. Voer die volgende opdragte uit om hierdie stelling korrek te bewys:
- 4.1 **Koppie** word hier gebruik as 'n soortnaam. Maak 'n sin waarin **koppie** gebruik word om maat/hoeveelheid aan te dui. (1)
- 4.2 **Span** word in die inleidingsin gebruik as 'n werkwoord. Gebruik dit as 'n versamelnaam in 'n sin. (1)
5. Benoem die woordsoortelike funksie van die volgende woorde uit die teks (dit is in die teks onderstreep om jou te help) (5)
- 5.1 skemerkelkie
- 5.2 onlangs
- 5.3 vloei
- 5.4 jou
- 5.5 gratis
6. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
- 6.1 Twee is 'n voorbeeld van 'n (bepaalde hooftelwoord / bepaalde rangtelwoord). (1)
- 6.2 Saterdagoggend word hier gebruik as 'n bywoord van (tyd / plek / wyse). (1)
7. Soek in die teks 'n woord wat by die volgende beskrywing pas:
- 7.1 'n Hulpwerkwoord wat ook as 'n soortnaam gebruik kan word. (1)
- 7.2 'n Eienaam wat verwys na 'n geografiese streek se naam. (1)
- 7.3 'n Voorsetsel wat ook as 'n selfstandige naamwoord gebruik kan word. (1)
- 7.4 'n Deeltjie werkwoord wat skeibaar gebruik word. (1)
- 7.5 'n Infinitiewe vorm (1)
8. In die volgende sin word die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik. Verander die sin sodat die byvoeglike naamwoord prediaktief gebruik word. (1)
Die oord het welige grasperke.
9. Die woord **gaste** is een meervoudsvorm van die selfstandige naamwoord **gas**. Maak 'n verhelderende sin met die ander meervoudsvorm van gas. (1)
10. Verbind die eerste twee sinne by sin 5 deur 'n betreklike voornaamwoord te gebruik. (1)
11. Benoem die onderstreepte werkwoord in die volgende sinne:
- 11.1 Die oord het hope aktiwiteite. (1)
- 11.2 Hier is twee swembaddens naby ontvangs. (1)
- 11.3 Visvang word by die dam naby die kampeerterrien toegelaat. (1)

12. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd:
Volwassenes kan nie ry nie. (1)

13. Word **bring** in die opskrif oorganklik of onoorganklik gebruik?
Motiveer jou antwoord. (2)

[30]